## VRAAG 4: SIVIELE TEKENING

**Gegee:**

- Die onvoltooide suidaansig van 'n **HOP huis**, wat die mure, vensters, deuropening, dak en notas toon.
- Die onvoltooide vloerplan, wat die daklyn, mure, posisies van deure, vensters, toebehore en elektriese uitleg toon.
- 'n Skematiese diagram van die dakkap en daknotas.
- Die onvoltooide fondasie en muurbesonderhede.
- Kameraanwysings en vloerafwerking.
- 'n Deur en vensterskedule.
- 'n Tabel met sanitêre toebehore.
- 'n Tabel met dakkomponente.
- 'n Tabel met elektriese simbole.
- 'n Tabel met reënwater-items.
- Die vloerplan van die **huis** geteken volgens skaal 1 : 50 asook die onvoltooide fondasie en breeklyn van die gedetailleerde deursnee, geteken volgens skaal 1 : 20, op bladsy 6.

**Instruksies:**

Beantwoord hierdie vraag op bladsy 6.

4.1 Gebruik die gegewe onvoltooide vloerplan en teken in eerstehoekse ortografiese projeksie en volgens **skaal 1 : 50**, die volgende aansigte van die **HOP huis**:

4.1.1 **DIE VOLLLEDIGE VLOERPLAN**

**Voeg die volgende kenmerke by die tekening:**

- ALLE deure en vensters.
- ALLE sanitêre toebehore soos deur die afkortings aangedui.
- ALLE elektriese toebehore soos deur die nommers aangedui.
- ALLE arseringsbesonderhede.

4.1.2 **DIE VOLLEDIGE SUIDAANSIG**

**Toon die volgende kenmerke op die tekening:**

- Die buitemure, stoep, vensterbesonderhede.
- Die dakbesonderhede insluitend die daknok, windvere, fassieborde, geut en reënwaterafvoerpyp.
- Die voltooide vloervlak.

4.2 In die ruimte op bladsy 6, gebruik die onvolledige fondasie en breeklyn en teken, volgens **skaal 1 : 20**, 'n **GEDETAILLEERDE SNIT** volgens snyvlak **A-A** van die area in die ellips wat op die onvolledige vloerplan getoon word.

**Toon die volgende kenmerke op die tekening:**

- Die volledige besonderhede van die fondasie, buitemuur met vensterbesonderhede en die opening op die stoep asook die lateie bo die onderskeie openinge.
- Die dakbesonderhede wat die windveer, fassiebord en geut insluit.
- ALLE arseringsbesonderhede. SLEGS die substruktuur-arsering mag vryhand geteken word.

**Benoem die volgende:**

- Die suid-aansig.
- Die kameraanwysings en vloerafwerkings
- Grondvlak, voltooide vloervlak, vogweerlaag.(Gebruik die korrekte afkortings en toon dit op ALLE toepaslike aansigte)

**LET WEL:**

ALLE tekene moet voldoen aan die **riglyne** en **grafiese simbole** soos in die *SANS 10143* vervat. **[100]**




**ONVOLTOOIDE SUID-AANSIG**




**ONVOLTOOIDE VLOERPLAN**

**KENMERKE**
**D** DEUR
**NC2** VENSTER
**NC3** VENSTER
**NC5** VENSTER

**TOEBEHORE**
**SK** TOILET
**WB** WASBAK
**B** BAD
**OWB** OPWASBAK

**ELEKTRIESE TOEBEHORE**
1. LIGSKAKELAAR: ENKELPOOL
2. LIGSKAKELAAR: DUBBELPOOL
3. FLUORESSEERLIG 3 x 40 W
4. PLAFONLIG
5. MUURMONTEERLIG
6. SKAKELAAR-KRAGPUNT

**LET WEL:**
DIE PYLE OP DIE VLOERPLAN DUI DIE VERBINDING VAN SKAKELAAR NA DIE LIG AAN.



**DAK NOTAS:**

- 15° DAKHELLING
- 114 x 38 mm DAKKAP OP 114 x 38 mm MUURPLAAT.
- DAKBEDEKKING: 20 mm IBR DAKPLAAT OP 75 x 50 mm DAKLATTE @ 1000 mm s/s.
- 280 x 100 x 10 mm WINDVEER OP GEUWELENTE IS GELYK MET GEUT.
- DIE OORHANG IS 300 mm. (**GEUTE UITGESLUIT**)
- 240 x 20 mm FASSIEBORD DIE SUIDELIKE EN NOORDELIKE AANSIGTE.
- 150 x 150 mm GEUTE OP DIE SUIDELIKE EN NOORDELIKE AANSIGTE MET 'N □ 65 mm REËNWATERAFVOERPYPE.
- NOKPLAAT MOET OP DIE DAKNOKKE GEMONTEER WORD.
- 9 mm PLAFONBORD OP 38 x 38 mm PLAFONLATTE **@ 480 mm s/s**




**SKEMATIESE DIAGRAM VAN DAK**




**ONVOLTOOIDE MUUR EN FONDASIEBESONDERHEDE**

**REENWATER ITEMS**




**DEUR- EN VENSTERSKEDULE**




**VENSTER-NOTAS**
A = OOPMAAK KANT
B = SKARNIERKANT
C = VASTE PANEEL
DIKTE VAN ALLE RAME: 50 mm

**VENSTERBANK**
150 x 20 mm VESELSEMENT VENSTERBANK ONDER ALLE VENSTERS

**DAKKOMPONENTE**

| | |
|---|---|
| 40 | 240 x 20 mm FASSIEBORD |
| 60, 450 | 450 x 60 x 10mm DAKNOK |
| | 75 x 50 mm DAKLAT |
| 280, 100 | 280 x 100 x 10 mm WINDVEER |

**KAMERAANDUIDINGS EN VLOERAFWERKINGS**

| | |
|---|---|
| 1. SLAAPKAMER 1: | MAT |
| 2. SLAAPKAMER 2: | HOUT |
| 3. BADKAMER: | TEËLS |
| 4. KOMBUIS: | TEËLS |
| 5. LEEFAREA: | TEËLS |



**ELEKTRIESE SIMBOLE**




**SANITÊRE TOEBEHORE**




Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za



Kopiereg voorbehou 